Huishouding

"Om ' n mens se plig te doen klink so koud en vervelend, maar in werklikheid vul dit ' n mens met ' n vreemde gevoel van ekstase."
- W Somerset Maugham

Doelwit: *Om die Verkenner bekend te stel aan die pligte en verantwoordelikhede wat 'n huishouding meebring. Om vir hom sekere vaardighede te leer.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode: 10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: 'n Voortrekker, as positiewe landsburger moet homself genoegsaam bekwaam om selfversorgend te wees. Hierdie vaardigheid is veral belangrik wanneer 'n jongmens vir 'n jaar deur die wêreld toer en werk. Die beeld wat hy as werker uitstraal is die een waarmee die Afrikaner geassosieer word. As Christen het elkeen in die huishouding ook sy plig volgens die Bybel.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Taakgebonde	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Met betrekking tot <u>binneversiering</u>:*
   - *1.1 'n Binneversiering winkel besoek, en met die winkelassistent 'n gesprek voer oor heersende binneversieringmodes.*
   - *1.2 Vir sy kamer **twee** van die volgende maak:*
     - *1.2.1 'n Asblik oortrek, plak of versier.*
     - *1.2.2 'n doos oortrek vir sakdoeke of briewe.*
     - *1.2.3 'n kussingsloop versier met appliek.*
     - *1.2.4 laslap- of lapverfwerk.*
     - *1.2.5 enige keramiekartikel verf.*
   - *1.3 Behulpsaam wees met **twee** van die volgende:*
     - *1.3.1 Die verf van 'n muur .*
     - *1.3.2 Die plak van plakpapier.*
     - *1.3.3 Teëls lê.*
     - *1.3.4 Gordyne hang.*
     - *1.3.5 Gordynkappe oortrek.*
2. *Met betrekking tot <u>kleding</u>:*
   Besoek bring aan 'n groot inkopiesentrum en die volgende kostes bereken ten opsigte van 'n langbroek, kortbroek, hemp of bloes, 'n kerkuitrusting en 'n stel nagklere:
   - *2.1 Die koste om dit by 'n kettingwinkel te koop.*
   - *2.2 Die koste om dit by 'n luukse klerewinkel te koop.*
   - *2.3 Die koste om dit self te maak.*
   - *2.4 Die koste om dit te laat maak.*
3. *Met betrekking tot <u>voeding</u>:*
   ***Vier** van die volgende kan maak*
   - *3.1 'n Pasta gereg.*
   - *3.2 'n Laagkoek.*
   - *3.3 'n Warm nagereg.*

3.4 'n Beesvleisbredie.
3.5 'n Tuisgemaakte groentesop.
3.6 Bobotie en rys.

4. *Met betrekking tot huisbestuur:*
   4.1 'n Speelding vir 'n kleuter maak.
   4.2 Vadoeke was en bleik.
   4.3 'n Laken, hemp en denimbroek stryk.
   4.4 Vir 'n tydperk van een maand rekord hou van die volgende uitgawes:
   kruidenierswaare
   huishulp
   water en elektrisiteit
   telefoon.
   4.5 Na afloop van bogenoemde 'n gesinsgesprek hou oor moontlike besparings.

5. *'n Lekker ontbyt vir hulle ouers voorsit waartydens hulle 'n uitstalling hou van al die artikels wat hulle vir die spesialisasie gemaak het.*

6. *Onder leiding van 'n predikant of maatskaplike werker 'n gesprek voer oor 1) dele in die Bybel waar riglyne vir 'n gesonde gesinslewe gegee word, met opdragte aan verskillende gesinslede, 2) instansies wat hulp bied in geval van probleme soos alkohol misbruik, kindermishandeling, ensovoorts 3) wetgewing ter bekamping van bogenoemde.*